

Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Mei 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 40:6, 8 (p. 206)

- 6 Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid. / Bly met u liefde en trou om my,
want ramp en onheil is naby / en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde uit ver verlede / oorval my matte skrede; / my oog het glans nóg gloed.
Hoe groot 's my sondes al! / hoe eind'loos in getal! / In my 's geen krag, geen moed.
- 8 Laat wie U soek, o God, my hulp in nood, / met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar, / nou sing en sê: "Die HEER alleen is groot!"
Al is ek arm, ellendig, / Hy dink aan my bestendig. / Hy is die HEER by wie
daar redding is vir my. / U 's tot my hulp naby. / My God, vertoef tog nie!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 99:1, 5 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruks woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 51:1, 2 (p. 260)

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
- 2 U, HEER, wat my deurskou geheel en al, / is van my eweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter / wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan, / ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan, / en rein u vonnis, oor my afgekondig.

Gebed

Psalm 79:5, 6 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons eweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.
- 6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee; / maar om u Naam die hoogste eer te gee;
en dat die vyand nooit met ons mag spot: / "Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"

Skriflesing: Daniël 9:1-19

Kernverse: Daniël 9:19

**Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie,
om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep.
(Daniël 9:19 AFR53)**

Tema: 'n Gebed van verootmoediging

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is voorwaar 'n groot voorreg om die Woord van die Here te mag hê. Die Woord is immers die besondere openbaring van God. 'n Mens kan die liefde en regverdigheid van God op geen ander plek so duidelik leer ken as wat 'n mens dit in die Bybel leer ken nie. Wanneer die Heilige Gees 'n mens tot bekering

en geloof in Christus gebring het, voed en versterk Hy jou geloof verder met die Woord. Aanvanklik lees 'n mens dan gedeeltes in die Bybel wat vir jou mooi is – die Psalms of die Evangelie.

Tot 'n groot mate is dit dan ook maklik verstaanbare gedeeltes. Dit is ook gedeeltes wat 'n mens gemaklik laat voel. Met hierdie gedeeltes verseker die Heilige Gees jou dat die beloftes van verlossing deur Jesus Christus werklik ook vir jou bedoel is. En daaroor loof en prys 'n mens dan die Here. As dit nie vir die grootheid van God se genade was nie, sou 'n mens nooit kon glo dat Jesus ook vir jou van die ewige oordeel van God en van die mag van die sonde verlos het nie.

Die Heilige Gees bly voortdurend besig met die Woord in die lewe van 'n gelowige. Daarom lei Hy jou ook om die hele Bybel te lees sodat jy God nog beter kan leer ken. In hierdie lei-ding van die Heilige Gees bring Hy die gelowiges ook by gedeeltes waarmee Hy die gelowige konfronteer. Wanneer 'n mens vir die eerste keer so 'n gedeelte lees wat jou metter-tyd ongemaklik laat, staan 'n mens eers in verwondering oor die grootsheid van die geloof van mense uit die ou tyd.

Daniël 9 is so 'n hoofstuk wat aan jou siel en hart kom krap en jou ongemaklik maak. Met die eerste lees daarvan staan 'n mens nog in verwondering oor hoe gelowig Daniël regtig was. As 'n ou man het hy nog nooit opgehou om die Bybel te lees nie. En kyk net die aangrypende gebed wat Daniël bid op grond van die Woord van die Here. In hierdie gebed stort hy sy hart behoorlik soos water voor die Here uit. Maar het die Here vir ons hierdie gebed behoue laat bly sodat ons Daniël en sy geloof moet bewonder? Nee, beslis nie!

In Daniël 7 en 8 het die Here nog aan ons die verskriklike verloop van die wêreldgeskiedenis geopenbaar. Ons het gehoor hoe die chaos wat tans in die wêreld aan die werk is net al erger gaan word. Dit is immers net in so 'n atmosfeer van algehele chaos dat die antichris uiteindelik sy verskyning op die wêreldtoneel sal kan maak. Die dinge wat die antichris in daardie tyd gaan aanvang is gruwelik en laat 'n mens se bloed stol. Maar dit is nie waar die openbaring in die vorige twee hoofstukke geëindig het nie.

Aan die einde van sy baie kort tydjie wat hy die wêreldtoneel gaan oorheers en selfs oorlog sal voer teen die Allerhoogste God sal Jesus Christus skielik op die wolke van die hemel verskyn. Met die asem van sy mond sal Christus die antichris verdag en elke mag wat teen Hom en sy Vader opgestaan het veroordeel.

Die openbaring in Daniël 7 en 8 het ons na ons asem laat snak, maar die Heilige Gees vertrou ook die kerk. Wees voorbereid op die opkoms van die antichris, maar weet ook ver-seker dat die antichris se dae een vir een deur God getel is. Hy sal nie 'n sekonde langer kan aangaan met sy boosheid as wat die Vader bepaal het nie. Die antichris met al sy bose magte se einde sal so seker aanbreek as wat die Here leef.

Dit is hierdie troosryke openbaring van die einde van die duiwelse magte wat ware gelowiges met verlange laat uitsien na die wederkoms van Christus. Saam met die Heilige

Gees roep die kerk tog dat die Here Jesus moet kom. En Jesus antwoord hierdie roep van die Gees en die bruid: Ja, Ek kom gou.

Maar is die kerk gereed vir die wederkoms van Christus? Broer, suster en kind, is ons gereed vir die wederkoms van Christus as ons Verlosser? Daniël het al verskeie kere oor die koms van God se koninkryk geprofeteer. Dit sal 'n koninkryk wees wat die ganse wêreld omvat en wat 'n einde sal maak alle aardse heerskappye wat deurtrek is met die boosheid.

Daniël het grys geword in sy lewe van ballingskap onder die magtiges van die aarde. Hy het die mag van Babel in al sy grootheid en afskrikwekkendheid gesien en van naby beleef. Nou het die einde van die Babiloniese koninkryk aangebreek. Dit is nou die eerste jaar van koning Darius. Daniël het gesien hoe die Here self aan die werk is in die wêreldgeskiedenis. Maar Daniël neem nie net kennis van die wêreldgebeure nie. Om dit so te stel, hy lees nie maar net die nuusberigte en wonder wat in die toekoms gaan gebeur nie. Hy bekyk die wêreldgebeure in die lig van God se Woord.

In die profesieë van Jeremia lees hy dat die Here bepaal het dat Jerusalem vir 'n volle sewentig jaar in puin sal lê. Daniël self is al byna die sestig jaar in ballingskap. Daniël besef dat die einde van die ballingskap naby is. Hierdie ontdekking maak nie die profeet passief nie. Hy het nie na die ontdekking daarvan rustig agteroor gaan sit om te sien hoe die Here sy volk en sy stad gaan herstel nie. Daniël het op grond van die openbaring in Jeremia se profesie tot die Here gebid.

Tog is die gebed so anders as wat 'n mens verwag. Die gebed wat 'n mens van nature verwag, is 'n gebed waarin die Here aan sy Woord herinner word. Israel is tog al so lank in ballingskap. In die ballingskap is hulle van sovele seënige van die Here ontnem. Hulle is van hulle vryheid en huise ontnem. Hulle is die tempeldiens kwyt. En wanneer daar nou gelees word dat die ballingskap sewentig jaar sal duur en die gelowige besef dat die tyd byna uitgeloop het, is die voor die hand liggende gebed 'n gebed wat so klink: O Here, gee! Gee ons land terug – ons huise en landerye en diere, ons tempel en ons stad en vryheid, sodat ons U kan dien soos wat U voorskryf.

Daniël gaan egter dieper as om net die Here te vra om te gee. Hy kan nie begin om die Here te vra vir die herstel van Jerusalem nie. Die herbou van die stad en die tempel is tog nie

'n vanselfsprekende saak nie. Die feit dat die sewentig jaar amper verby is, maak die herbou van Jerusalem nie 'n vanselfsprekende saak nie. Dit sal eerder 'n wonder wees as Jerusalem herbou word, want daar lê nog 'n ontsaglike hoeveelheid skuld tussen die volk en die Here.

Daarom smee Daniël: Here, vergeef! Hy vra nie in die eerste plek om redding nie. Hy smee by die hemelse Regter om genade. Hy vra nie dat die Here Hom oor sy volk sal ontferm oor die ellende van die ballingskap nie. Hy vra eerder dat die Here Hom sal ontferm oor die ellende van hulle skuld, want dit is 'n baie groter ellende as die ellende van die ballingskap. Die ellende van die ballingskap is maar net om jou vryheid, huis en land kwyt te wees. Die ellende van skuld is om uiteindelik God se verbondstrou en liefde kwyt te wees. Dan bly daar net vir 'n mens God se toorn oor.

Geliefdes, 'n gebed wat deur God behaag word, is 'n gebed waarin die gelowige onder andere sy nood en ellende reg en grondig ken, sodat hy hom daarvoor voor die majesteit van God verootmoedig. Egte nederigheid voor God in gebed kom dan daarin uit dat 'n

mens jou nood en ellende werklik ken. Ons ellende is nie in die eerste plek die dinge waaraan ons gebrek ly nie – nie onveiligheid nie, ook nie benarde ekonomiese omstandighede of politieke en sosiale onrus nie, maar ons skuld voor die Here.

In die tweede plek kom die ootmoed in Daniël se gebed daarin na vore dat hy geensins die skuld vir die ellende van die ballingskap op iemand anders se skouers afskuif nie. Dit is van die heel begin af die mens se gewoonte om die skuld op iemand anders te pak. Adam het dit op Eva gepak en Eva het dit op die slang afgeskuif. En dan dink ons dat ons die vraag na die skuldige sommer so opgelos is.

So maklik kon Daniël ook die skuld van sy skouers afgeskuif het. Hy was maar nog 'n jong seun toe hy saam met sy drie vriende en ander vooraanstaandes in die ballingskap weggevoer is. Israel is nou al vir byna sestig jaar in die ellende van die ballingskap. Is dit nie maar die Babiloniërs se skuld nie? Dit is tog hulle wat met 'n oormag en geweld te werk gegaan het en nie 'n sin vir billikheid en menslikheid gehad het nie.

Ander sou jy kon sê dat 'n mens darem nou nie al die skuld op die Babiloniërs kan aflaaï nie. Vir Esegïel het hulle gesê dit was hulle voorouers se skuld dat die ballingskap gekom het en nou moet die “onskuldige” nageslag die spit vir hulle sonde afbyt. Teenoor Esegïel het hulle 'n spreekwoord gebruik: Die pa's het groen druiwe geëet, nou is die kinders se tande stomp (Eseg 18:2).

Geliefdes, dit is op hierdie punt waar dit ook dikwels dik word in ons keel. Dit is hier waar die Heilige Gees dit vir ons ongemaklik maak. Ons voel ons graag verbonde aan ons voorgeslagte wanneer daar van hulle prestasies en mooi eienskappe gepraat word. Ons sal nog ons skouer onder die lof en toejuiging van die voorgeslagte inskuif. Maar om te dink dat ons deel aan hulle skuld en sonde moet hê – dit is darem baie gevra.

Dat ons arme blanke Afrikaanse volkie nou swaarkry, kan mos nie ons skuld wees nie. Ons was mos nie dertig veertig jaar gelede in die leiersposisie nie. Ons het maar net ons werk gedoen. Ander mense was aan die stuur van sake en hulle het die beleide van daardie tyd geformuleer. Hulle het drooggemaak en nou moet die jongmense van vandag die ongemak van onsekerheid oor werk verdra. Dit kan mos nie billik wees nie.

Of tans gaan baie so ver om te sê die ellende van hierdie land kan net op een groep en uiteindelik net op een man se skouers rus – die president van Suid-Afrika en sy party. En daarmee dink baie mense dat die vraagstuk oor wie se skuld ons ellende is, is nou afgehandel. Laat ons nou vorentoe gaan.

Die Heilige Gees stuit ons in hierdie redenasie. Wanneer Daniël bid sluit hy homself en sy tydgenote in en sê:

Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het. (Daniël 9:8 AFR53)

Dit is nie hulle – die Babiloniërs of die voorgeslagte nie – maar ons wat die ellende oor ons gebring het. Ons het teen U gesondig, o heilige en regverdige God. Daarom is dit geen wonder dat die een steen nie op die ander gebly het in Jerusalem nie, en dat trotse voet ons vertrap het en bose hand ons in ballingskap weggevoer het.

Ja, die voorgeslag het skuld. Die Babiloniërs het ook hulle skuld. Maar Daniël gaan staan langs die goddelose Babiloniërs en langs die goddeloos-vrome Jerusalem van vroeër en sê: Teen U het ons gesondig, Here! O Here, vergeef!

Miskien sit die knop dik in jou en my keel – ons kan dit nie sluk dat ons skuld dra vir die ellende wat tans in ons land is nie. Terwyl ons nog stik, moet ons dan eerlik voor God antwoord: Wat het ons gedoen om die onreg wat gepleeg is in die verlede te keer? Wat doen ons nou om die onreg te keer wat nie net jou en my sak en toekoms raak nie, maar die inwoners van die ganse land? Ons kan ten minste al begin bid, want ons God is almagtig. Bid om vergifnis en bid om wysheid om terug te keer na die Here toe en te begin doen wat in die verlede gedoen moes word.

En dit bring ons by die derde saak waaruit egte nederigheid in Daniël se gebed na vore kom. Hy probeer geensins om die sondes te verklein of te verdoesel nie. Dit is asof hy nie genoeg woorde het om die verskriklikheid van sy en sy volk se sondes te benoem nie. Hoor hoe konkreet noem hy die skuld in die gebed:

Ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk. En ons het nie geluister na u knegte, die profete, wat in u Naam gespreek het tot ons konings, ons owerstes en ons vaders en tot die hele volk van die land nie. (Daniël 9:5-6 AFR53)

Die belydenis word nie in 'n pakkie geknoop en gevra: Here, vergewe ons ons sondes, nie. Een vir een word dit opgenoem. Here, ons het gesondig en nie daarmee opgehou nie, want dit het onreg geword. Die onreg het naderhand goddeloosheid geword. En van goddeloosheid het ons gegaan tot rebellie – vyandigheid teenoor U. Nie net sekeres van ons nie, maar ons almal – van die koning en owerstes af tot by die slaaf en die slavin.

En die oorsaak van al hierdie skuld – ons het nie na U geluister nie. Ja, U het met ons gepraat en ons gewaarsku. Ons het gehoor as u profete kom sê: So sê die Here. Ons het beaam wat hulle sê of ons gedistansieer van wat hulle sê, maar ons het nie geluister nie. Ons het nie ons hart en ons gesindheid verander nie. Buite om het ons alles mooi en netjies gemaak en gehou ... maar binne-in het ons nie toegelaat dat die Here ons verander nie. Daarom hierdie hartstogtelike gesnik: Ons sonde en ons skuld is groot. O Here, vergeef!

Wat die kerk anders maak as die wêreld is nie dat die kerk minder sondig is as die wêreld nie. Inteendeel, die kerk en die wêreld is ewe sondig en verdien ewe veel die regverdigte oordeel van God. Die verskil tussen die kerk en die wêreld is dat die kerk deur die genade van die Here die sonde en ellende leer sien en bely. Die kerk is die enigste plek in die wêreld waar skuld voor God bely word. Wanneer daar nie meer skuldbelydenis in hierdie wêreld is nie, is daar ook nie meer 'n kerk in die wêreld oor nie.

'n Gebed van verootmoediging leer ons uit hierdie hoofstuk het drie eienskappe – die sondaar het 'n grondige kennis van sy nood en ellende, hy erken sy eie skuld vir hierdie ellende en hy bely die een sonde na die ander voor die aangesig van die Here.

Daniël se gebed het nie daar opgehou nie. Daniël het ook gevra dat die Here ook na Jerusalem sal omsien. En die enigste grond waarop hy dit gevra het, is oor die eer van die Here se Naam. Here, u Naam is oor die stad en u volk uitgeroep. As die ellende van blywende aard is, wat gaan die heidene van u Naam sê. En sodoende bly die ellende van die volk en Jerusalem nie net Daniël se saak nie, maar word dit ook God se saak.

Die ellende van die wêreld het God sy saak gemaak. Jesus Christus het die skuld van sondaars op sy skouers geneem. Hy het nie vergifnis gevra nie, maar die straf op die skuld gedra, sodat elkeen wat in Jesus Christus glo en sy Naam bely kan vra: O Here,

vergeef! Here, vergewe ter wille van u Naam wat U oor ons uitgeroep het toe u ons gedoop het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 16-1:1, 2 (Sb 15)

- 1 “Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel,” sê die HEER.
- 2 “Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan.”

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Mei 2017